

Inrig van 'n uur lange gebedsbyeenkoms - praktiese riglyne/voorstelle.

- Moet nie te lank gesels en kuier voor die tyd nie, doen dit liever na die byeenkoms. Begin op die regte tyd, dalk met 'n hallelujah lied of iets soortgelyk tewel die laatkommers inkom.
- Hierna verwelkom die leier elkeen en begin dan om die gebed punte uit te spel.
- Miskien kan daar begin word met dit wat naaste aan die bidders is– dringende sake en nood vir individue in die gemeente of gesinne in die gemeente. Bv siekte, ekonomiese swaarkry, verlies van geliefdes, ens.
- Hierna kan ons oor onderwerpe besluit wat wyer is as persoonlik of gemeentelike strek– ons bid vir ons gemeente as geheel en ons onmiddellike gemeenskap, kom ons se 'n 5 km radius om ons gemeente. Daar kan bv gebed word vir die predikant(e), ouderlinge, ander leiers, jeug, skole in die omgewing, polisie stasies, ens
- Laastens bid ons vir sake van landbelaand. Onder die opskrif “sake vir weeklikse gebed” word onderwerpe van kritieke lands belang voorgestel en 1-2 weekliks aangepas. (Tipping point gebed sake)
- Sodra daar besluit is oor onderwerpe vir gebed, deel die bidders in groepe van 3-5, nie meer as 5 as moontlik. Elke groepie bid dan in die ronde, vir die onderwerpe soos elkeen deur die Here gelei voel.
- **Baie belangrik = druk dit op elke bidder se hart dat gebede wat lank en langdradig is sielodend is vir die ander bidders. Bid eerder korter gebede 'n paar keer in die rondte, as een rondte van ellelange gebede.**
- Dalk kan die gebedleier die onderwerpe opbreek in bg 3 kategoriee – persoonlik en lidmate, gemeente en omgewing, en dan landswyd (tipping point). Ons land is in krisis – dalk kan daar propotioneel langer (20 – 30min) vir landwye sake gebed word as vir die ander 2 sake. Ons ervaring is dat die Here elke byeenkoms verskillende sake beklemtoon vir meer intense gebed. Die leier moet sensitief wees vir die leiding van die Heilige Gees in die verband.
- Ons het 'n gewoonte by MPG om na ons tyd van gebed in 'n kring te staan, hande vas te hou en die onse Vader te sing, tot groot seen van almal. Dalk kan jou groep iets soortgely oorweeg.
- Natuurlik is bg slegs 'n riglyn, gebaseer op ons ervaring by MPG. Mettertyd glo ek die Here sal vir elke gebedgroep hulle eie unieke “look and feel” verskaf soos hulle gebedpad vorder.

Ten slotte:

Ons bid die seen van die Here af op elke gebedgroep wat nuut begin word, asook die wat reeds n tyd lank funksioneer.

Moet asb nie moedeloos word nie – God se antwoord kom vir die wat vasbyt, volhard en deurdruk in gebed. (Jesaya 62.7)

Moreletapark gebed span.